
# GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

## Info 7/2024 — 10 Mei 2024

Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za



## Van die skoolhoof

Meimaand is die maand van wintersdrag, netbal, rugby en hokkie. Dit is ook die maand waarin ons die hemelvaart van Jesus Christus mag herdenk. Tog moet ons nie net in Meimaand aan hemelvaart herinner word nie. Dit is elke dag belangrik, want dit herinner ons aan:

**'n Hoopvolle toekoms:** Die hemelvaart van Christus bevestig dat ons 'n hoopvolle toekoms het, omdat ons herinner word dat Christus weer sal terugkeer.
**'n Fokus op ons ewige bestemming:** Die hemelvaart van Christus herinner ons daaraan dat ons nie burgers van hierdie aarde is nie, maar dat ons 'n ewige bestemming het.
**'n Kragbron:** Die hemelvaart van Christus herinner ons aan die troos en krag wat ons deur die Heilige Gees ontvang het.
**'n Oproep tot getuienis:** Na die hemelvaart van Christus het die dissipels teruggekeer na Jerusalem en begin getuig van wat hulle gesien het. Dit is ook vandag vir ons 'n oproep om te getuig.

Ons word dus herinner om die kinders te onderrig in die belangrikheid van die ewige **hoop**, die fokus op die **ewige lewe, die krag** wat ons na hemelvaart ontvang het en 'n oproep om voortdurend te mag **getuig** van Christus se verlossingswerk.

In en buite die klaskamer, by die huis, as ons werk of as ons speel, mag ons getuig deur middel van ons woorde en ons dade. Die gemeenskap van Dirk Postma is die veilige plek waar ons die kinders mag oefen om ook eendag in die wêreld te mag uitgaan om te kan getuig van Christus se groot dade.

Saterdag, 11 Mei gaan ons deur middel van die Dopperspele geleentheid kry om te kan getuig wie ons as skool is. Kom ondersteun ons, al neem u nie deel nie. Bring sommer u motor om gewas te word. Die flukse gr 10-leerlinge staan gereed met 'n lap en 'n emmer om blinkskoon motors af te lewer.

Hou die kalender dop vir al die aktiwiteite wat by GSDP plaasvind. Merk 23 Mei in u dagboek - dr Anke de Beer, 'n gerekende kenner van digitale verslawing, kom met ons skoolgemeenskap gesels.

Die Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn nooi ons op Donderdag, 30 Mei na 'n opvolggesprek oor internet-beveiliging. Die fokus val dan spesifiek op aanlynspeletjies en hoe om kinders te beveilig. Sien advertensies van beide geleenthede elders in die Info.

Soos genoem is Meimaand die maand van wintersdrag. Die steeds warm weer veroorsaak dat die kinders sommer gou hul baadjies uittrek en iewers op die stoepe of speelgrond los ... ongemerk! As u enige laerskoolklere vermis, kom loer asseblief in die laerskool se personeelkamer, ons kan al 'n klerewinkel daarmee begin.

Vriendelike groete

**Mev S Meijer**
Skoolhoof

## Beplanner
11 - 30 Mei

### 11 Mei
- GSDP — Dopperspele

### 13 Mei
- Hoërskool — Netbal: CR Swart (tuis)
- Hoërskool — Tafeltennis (Finaal - Liga C)

### 14 Mei
- Laerskool — Netbal: SA College (weg)

### 15 Mei
- Hoërskool — Tafeltennis (Finaal - Liga C)

### 16 Mei
- Hoërskool — Netbal: Rietondale High (tuis)
- Laerskool — Netbal: Doornpoort (tuis)

### 17 Mei
- Laerskool — Verkoping: Kleuterskool

### 18 Mei
- Laerskool — Skoolkoor - PTA-Meintjeskop

### 20 Mei
- Hoërskool — Eksamen begin
- Verjaarsdag — Mev I van der Meer

### 21 Mei
- Laerskool — Netbal: Loreto (tuis)

### 23 Mei
- GSDP — Gesprek - Dr A de Beer, GK Die Kandelaar

### 24 Mei
- GSDP — Info
- Laerskool — Verkoping: Gr 7-afskeid

### 25 Mei
- Hoërskool — Fietsry (Pretoria Boys High)

### 27 Mei
- Verjaarsdag — Mnr W van Rooyen

### 30 Mei
- GSDP — Gesprek - Mnr W Badenhorst

# GESPREKSAANDE



| | |
|---|---|
| **DATUM** | **23 MEI** |
| **TYD** | **19:00 - 21:00** |
| **BESPREKING** | **DIGITALE VERSLAWING** |
| **SPREKER** | **DR ANKE DE BEER** |
| **PLEK** | **KERKGEBOU GK DIE KANDELAAR** |

Dr Anke de Beer is 'n gerespekteerde spreker, navorser, konsultant en skrywer oor die dringende kwessies van tegnologie en die vernietigende uitwerking daarvan op die mensdom. Sy gebruik haar uitgebreide akademiese en professionele kennis, asook haar ervaring in die beradingskamer om mense te help wat vasgevang is in die strik van digitale media. Sy werk saam met skoolorganisasies, kerke en die reg en het 'n PhD in Teologie oor die onderwerp "Digitale verslawing", asook 'n tweede PhD in "Interdissiplinêre studies" oor dieselfde onderwerp. Sy bestuur 'n privaat beradingspraktyk en gee raad aan ouers, leiers, predikante, onderwysers en jongmense landwyd, terwyl sy haar navorsing en skryfwerk voortsit. Digitale verslawing is haar passie en fokus van haar navorsing en bediening.

| | |
|---|---|
| **DATUM** | **30 MEI** |
| **TYD** | **19:00** |
| **BESPREKING** | **INTERNET-BEVEILIGING** |
| **SPREKER** | **MNR WILLIE BADENHORST** |
| **PLEK** | **KERKGEBOU VGK PRETORIA** |

Mnr Willie Badenhorst gaan ouers en leerlinge (gr 4 - gr 12) riglyne gee oor internet-beveiliging. Hy is op hoogte van aanlynspeletjies wat kinders deesdae speel - daarom kan hy vir u en u kinders raad gee oor hoe om aanlyn veilig te bly. Ons moedig alle ouers en leerlinge vanaf gr 4 tot gr 12 aan om hierdie aand by te woon.




# LANDLOOP

Ons nooi laerskool- en hoërskoolleerlinge, asook ouers om by die landloopspan aan te sluit.

**Oefentye:** Donderdae (16:15 - 17:00)
**Plek:** GSDP

Ons voorsien u van 'n tuisprogram. Skakel in op ons groep deur middel van die skoolgemeenskapwhatsapp of kontak vir mev Karyna le Roux (sport@gsdp.org.za).

# KLEUTERSKOOL

**Robotika en Kodering in die kleuterskool (2)**



In deel 1 is daar gefokus op die hoofdoelwitte van die kleuterskool.

Robotika en kodering is terme wat in die VKO fase al hoe belangriker word. Kleuters kan reeds blootgestel word aan die basiese beginsels van tegnologie. Kernkonsepte, soos die komponente van kodering en robotte kan ook aangespreek word.

Dit is belangrik om hul reeds op 'n vroeë ouderdom te leer om op die langtermyn vervaardigers, eerder as net verbruikers van tegnologie te word.

Die beste manier om kodering aan kleuters te verduidelik, is om dit te beskryf as 'n soort taal. Net soos ons in 'n taal met mekaar kommunikeer, gebruik baie tegnologie die taal van kodering om instruksies vir die werking daarvan te gee.

Dit is hoe ons met rekenaars kan "praat". 'n Rekenaarprogram vereis kodering om te kan werk. Selfs in die kombuis: 'n mikrogolfoond ontvang instruksies (kodes) om te kan werk, 'n robot ('n kindergunsteling) sou nie kon werk sonder kodering nie.

Sodra kleuters die idee van 'n instruksie en taal begin verstaan, leer hulle deur middel van prettige en boeiende aktiwiteite om instruksies te gee en uit te voer.



Kinders leer die beste wanneer hulle speel! Aanvanklik sal hulle nie eens besef dat hulle die basiese boublokke van kodering leer nie.

Waar begin 'n mens dan met hierdie aktiwiteite? Tuis en by die skool is dit belangrik om die ontwikkelingsvlak van die kind in ag te neem. Op voorskoolse ouderdom, is dit beter om te begin met aktiwiteite wat nie tegnologiese apparaat, soos skerms insluit nie.

In die volgende Info deel ons 'n paar praktiese aktiwiteite.










# Laerskool

## Skooldrag

### WINTERSDRAG

Die leerlinge is verplig om vanaf **Maandag, 20 Mei** die korrekte voorgeskrewe wintersdrag aan te trek skool toe. Ons maak staat op u samewerking om toe te sien dat u kind(ers) die korrekte skoolklere aantrek.

Ons versoek dat u sal seker maak dat u kind(ers) se klere DUIDELIK GEMERK is.

## Sport

### NETBAL - LIGAWEDSTRYDE

| DATUM | SKOOL | TUIS/WEG |
|---|---|---|
| Di, 14 Mei | SA College | weg |
| Do, 16 Mei | Doornpoort | tuis |
| Di, 21 Mei | Loreto Queenswood | tuis |

## Kultuur




### LAERSKOOLKOOR

**Datum:** Saterdag, 18 Mei
**Plek:** GK Pretoria-Meintjeskop (musiekmiddag)
**Kleredrag:** Skoolklere met skoolskoene en -kouse

### LAERSKOOLKONSERT

**Datum:** Vrydag, 26 & Saterdag, 27 Julie
**Plek:** Doxa Deo - Ben Swartstraat









# Hoërskool

## Akademie

**EKSAMEN: 20 MEI**

Die gr 8- en gr 9-leerlinge het elkeen 'n boekie ontvang met eksamenriglyne, wat aandui wat hulle in elke vak moet leer. Maak asseblief seker dat u kind die boekie gebruik.

Sterkte met die eksamen wat op 20 Mei begin.

## Sport - Liga- & gewone wedstryde

| DATUM | NETBAL | TAFELTENNIS | FIETSRY |
|---|---|---|---|
| Ma, 13 Mei | CR Swart (tuis) | Semi-finaal (Liga C) | - |
| Wo, 15 Mei | - | Finaal (Liga C) | - |
| Do, 16 Mei | Rietondale (tuis) | - | - |
| Sa, 25 Mei | - | - | Pretoria Boys High |
| Sa, 20 Julie | - | - | Steyn City |
| Sa, 17 Augustus | - | - | HTS John Vorster |
| Sa, 31 Augustus | - | - | St Stithians |

Sterkte aan die Dirkie-deelnemers!


## Skooldrag

**VOORGESKREWE WINTERSDRAG**

Die leerlinge is verplig om vanaf **Maandag, 20 Mei** die korrekte voorgeskrewe wintersdrag aan te trek.








# ADVERTENSIES









## "SNAPSCAN"-KODES

Snap here to pay

SnapScan

**GSDP-SKOOLFONDS**

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende</u>:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay

SnapScan

**GSDP-BOUFONDS**

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING




### BLITS

**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.**

